# SAVF Tzaneen Kleuterskool

SAVF TZANEEN KLEUTERSKOOL

## ASJASSIE NUUS

September 2025

### Wat het alles die afgelope tyd by die skool gebeur?

- Ons het weereens ‘n paar nuwe maatjies by die skool verwelkom. Almal het baie mooi aangepas en is gelukkig. Welkom!
- Ons trompoppies het by verskeie geleenthede opgetree en hulle baie goed van hul taak gekwyt. Ons is so trots op hierdie Graad RR en R-dogtertjies wat so gereeld speeltyd opoffer om te oefen.
- Die Kaskar Kompetisie in Letsitele was groot pret. Niemand het seergekry nie en die kleuters het geleer van uithou en aanhou.
- Fotodag was georganiseerde chaos, maar almal het mooi geglimlag vir die fotograaf. Ons wag in spanning vir die pragtige foto’s.
- Tydens ons opedag het ons ‘n hele klomp nuwe maatjies ontmoet. Al ons buitemuurse aktiwiteite het uitstallings gehou.
- Lente is verwelkom met blomme, ballonne en baie vriendelike gesiggies. Ons is dankbaar vir die nuwe seisoen.
- Ons Pa-en-Seun Kamp is bygewoon deur 42 seuns en 42 pappas (en ‘n oom of twee). Vroegaand was die tente al opgeslaan, seile oor bakkies se agterkante gespan en matrasse uitgegooi. Die weer het nie heeltemal saamgewerk nie, maar daar is hard gespeel, vinnig fiets gery, lekker marshmallows gebraai en tou getrek. Die klimraam was ook ‘n groot aantrekkings-krag. Tussendeur is worsbroodjies verslind en baie koeldrank gedrink. Die polisiehonde was ‘n hoogtepunt. Tydens die opening het elke seuntjie ‘n klip ontvang waarop hy en Pappa ‘n boodskap moes skryf. Ons maak verseker weer volgende jaar so.
- Erfenisdag is op ons manier gevier. Party kleuters het vellies aangehad, ander Springbok rugbytruie, ‘n paar selfs kamoefleerdrag om bokke te gaan skiet.

- Lenteloop het verander in Pretloop, en hoe prettig was dit nie! Al was die weer nie eintlik lente-rig nie, het ons heerlik gestap. Elke klas het ons vermaak met ‘n tema. Ouers het mooi geborg en ons verwag ‘n goeie inkomste. Baie dankie aan elkeen.
- En dan, die hoogtepunt van die jaar, ons konsert. Wat ‘n lieflike geleentheid vir ons kleuters om te ontwikkel en die kollig te geniet ... en het party dit nie geniet nie! Sommige van ons maatjies het werklik ontpop op die verhoog. Na harde werk van Juffrou en kinders was dit ‘n vreugde om hulle op die verhoog te sien. Ons begin reeds dink aan idees vir 2026 se konsert.
- Elke dag word daar baie lekker gespeel by die skool – dis mos hoe ons leer! En ons lyfies optimaal ontwikkel.
- Assessering word deurlopend gedoen, maar daar word nie in hierdie kwartaal rapporte uitgegee nie. Dit sal op 28 November vir die laaste keer hierdie jaar geskied.
- Ons doen steeds elke Maandag Monkeynastix en ons Graad R-maats word slim op die rekenaar. Buitemuurs gaan steeds voort:
- Daar is baie lekker gespeel by die skool, en daardeur is baie geleer. Motoriese vaardighede is ontwikkel en emosionele groei het plaasgevind.
- Die kleuters geniet dit om elke Maandag Monkeynastix te doen. Die graad R-maats leer hoe om met ‘n rekenaar te werk. Ons buitemuurs het ingesluit: playball, swem, ballet, dans, netbal, Witjassies en Zanis.
- Ons is gedurig besig  met die opknap van ons speelterrein.

## Waarna kan ons uitsien in die vierde kwartaal van 2025?

- 5 daggies se rus van harde werk
- Oupa en Ouma Dag
- Graad R-gradeplegtigheid
- ‘n Uitstappie na Merensky Landbou Akademie se plaas
- Rapporte op Vrydag 28 November
- Lekker werk en speel
- En vele meer ...

Die skool sluit hierdie jaar op Vrydag 12 Desember 2025.

En heropen op Woensdag 7 Januarie 2026 om 06:30.

# Uit die hoof se kantoor



Nou ja, hier staan ons reeds by driekwart van die jaar, en ons kan terugkyk op baie suksesse. Hoewel daar uitdagings is, hetsy finansieël, emosioneel of sommer net, gaan dit so goed met die skool. Ons is dankbaar vir elke ouer wat so getrou maandeliks hul verpligtinge nakom teenoor die skool, maar ons ook ondersteun tydens funksies en fondsinsamelings. Sonder julle is ons verlore. Dankie ook dat julle die skool adverteer onder vriende en familie. Hou asseblief steeds u whatsapp dop vir boodskappe van die skool. Ons probeer maar papier spaar. Gaan loer gerus ook gereeld op Facebook en ons webtuiste.

Dissipline bly maar ‘n probleem/bekommernis. Hier is ‘n paar idees:

**Hoe ouers dissipline by kleuters kan toepas:**

1. **Wees konsekwent** – Stel duidelike reëls en hou daarby. Kleuters voel veilig as hulle weet wat verwag word.
2. **Gebruik eenvoudige taal** – Verduidelik kort en duidelik wat aanvaarbaar is, bv. “Ons hardloop nie in die huis nie.”
3. **Gee keuses** – Gee beperkte opsies om hulle ’n gevoel van beheer te gee, bv. “Wil jy nou jou rooi of jou blou trui aantrek?”
4. **Lei aandag af** – As ’n kleuter iets verkeerd doen, probeer hulle aandag op iets anders rig.
5. **Beloon goeie gedrag** – Prys en erkenning werk beter as straf. Sê spesifiek wat hulle reg gedoen het.
6. **Stel roetines** – Gereelde etes, slaaptyd en speeltye help kinders om meer kalm en gehoorsaam te wees, selfs in die vakansie.
7. **Wees ‘n voorbeeld** – Kinders leer deur voorbeeld. Wys vir hulle hoe om sag te praat, te deel en respekvol te wees.
8. **Gebruik natuurlike gevolge** – Laat kinders ervaar wat logies uit hul optrede volg (bv. as hulle speelgoed breek, kan hulle nie meer daarmee speel nie).
9. **Kalmte** – Bly rustig en ferm. Skreeu of dreig maak dissipline minder effektief.
10. **Wees liefdevol en ondersteunend** – Dissipline moet altyd in ’n veilige, liefdevolle konteks wees sodat die kind weet hy of sy is steeds geliefd.

Maar die belangrikste: Bly onvoorwaardelik lief vir jou kind.

# UIT DIE MOND VAN DIE SUIGELING



Aldo (Hasie): Die Hasieklas speel buite met groot karre. Hy sê: “Hierdie pitter (tipper) trok is swaar gelaai.”

Tannie Helene “ry” saam met die kinders in die kar. Hulle sê hier is die polisie, tannie Helene sê nou moet ek wegkruip. MJ (Hondjie): “Nee, hulle vang skelms en jy is tannie Helene.”

Stefan (Hondjie) speel in die sandput en kry ‘n graaf met ‘n wurm. “Juffrou, I’m going to put it in the boom.”

Johandré en Jeandré: Johandré se vinger bloei. Juffrou sê sy gaan sommer die hele vinger afknip, waarop Jeandré antwoord: “Nee, Juffrou, dit gaan duur wees!”

Ruvan (Hondjie) staan by die toilet: “Tannie, my pa sê ek moet hierdie ding skud, en ek het hierdie ding geskud!”

Rogan (Hasie): “Juffrou, dis half 10, dis tyd vir foto’s neem.”

Anru (Apie): “Ek sien wat hy doen, hy probeer my treiter.”

Janique (Apie): “Ek gaan eendag met Divan Rooikop trou want hy is so ‘muscle-ey’.”

Francois (Hasie): “Juffrou, kan jy my help met my onderste broek (onderbroek)?”

Zak (Eendjie): “Juffrou, my pa het ‘n rooibok in die boud geskiet. Toe sê hy eina, eina my boud.”

Miliana (Beertjie): Kyk en luister vir boetie van ‘n afstand af en sê: “Daar is baie energie in daai lyfie,” en skud haar kop.

Francois (Hasie): Die dogtertjies wil ook kamp. “Nee, die kamp is net vir die manne.”

Aldo (Hasie): “Hoekom raak jy met verf aan my baadjie? Dis ‘n nuwe splinter baadjie!”

## Nou ja, uit die mond van die suigeling ... ware wyse woorde

Dis nie net kinders wat oulike sêgoed het nie. Juffrouens het ook hulle oomblikke.

Juffrou 1: “Wat kom voor 2020?”

Juffrou 1 aan Juffrou 2: “Kan jy asseblief 13:00 na my klas kyk? Juffrou 2 oorweeg dit maar besef nie sy werk net tot 12 uur nie.

**Spreuke 22:6 “Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie.**

Hierdie dien as ‘n herinnering aan die groot roeping en verantwoordelikheid wat God op ons, as ouers, geplaas het. As ouers het ons die primêre verantwoordelikheid om die fondament van geloof vir ons kinders te lê. Of ons nou daarvan hou of nie, ons skets elke dag vir ons kinders ‘n prentjie van geloof. Elke woord, elke aksie en elke reaksie is ‘n verfstrepie in ons prentjie. In die uitlewing van ons daaglikse ouerskap, kan dit uitdagend voel om die perfekte prentjie te skets. Of jy nou te midde van slapelose nagte met ‘n baba is, of die uitdagings probeer oorleef om jou kind van die doeke af te kry, huiswerk en skoolaktiwiteite probeer bestuur of die motorsleutels oorhandig; ouerskap bly ‘n moeilike taak. Ons moet egter onthou dat God nie van ons verwag om dit op ons eie te doen nie – Hy het ons kinders liewer as wat ons hulle ooit kan hê!

Hier is twee eenvoudige maniere om jou kinders na God te lei.

1. Bid vir en saam met jou kinders. Elke dag. Aanhoudende gebed is noodsaaklik om ‘n fondament van geloof vir jou kinders te bou. Moet nooit ophou om vir jou kinders te bid nie. Moenie toelaat dat hulle huidige omstandighede God se krag oorskadu nie. Selfs al hardloop jou kind tans van God af weg, is Hy altyd net ‘n gebed van hulle af. Gebed kan alles verander.
2. Moenie dit alleen doen nie. Volgens die gesegde, verg dit ‘n hele dorp om kinders groot te maak. Jy het mense in jou lewe nodig wat kan help om die regte rigting vir jou kinders aan te dui. Gaan as ‘n gesin saam kerk toe en dien saam in die kerk. Word deel van ‘n kleingroep met mense wat jou deur fases van ouerskap kan ondersteun. Ons het almal ‘n gemeenskap nodig en dit is van uitersta belang vir jou en jou kinders om sterk, geloof-gebaseerde verhoudings te hê.